# H O O F D E E L  E E N

(DOGMATIES)

# HOOFSTUK I

## GELOOFSEKERHEID VOLGENS GEREFORMEERDE GESIGSPUNT

### A. SKYNGELOOF

Die woord "geloof" kom in die Bybel ook voor sonder dat daarmee die ware saligmakende geloof bedoel word: Hand. 18:13; 1 Kor. 13:2; Jak. 2:14, 19; kyk ook Matt. 13:18-23. [1] Daar is ook skyngeloof. Vir die doel van hierdie studie is dit nodig om slegs heel kortliks daaraan aandag te gee.

### 1.0 Historiese geloof

Dit gaan hier om 'n geloof wat net bestaan in die uitwendige, formele aanvaarding van die kerk se geloofsbelydenis sonder dat die hart daarin is en sonder dat daar persoonlike geloofsgemeenskap met Christus is. [2] Die Woord van God word wel geglo, maar daar is geen persoonlike vertroue of sekerheid dat "nie alleen vir ander nie, maar ook vir my" skuldvergiffenis en ewige saligheid geborg word nie. [3] Dis die geloof van Agrippa en Demas. [4]

### 2.0 Tydgeloof

Hierdie vorm van skyngeloof vertoon 'n meer godsdienstige gestalte as die historiese geloof. Dit het "een grote gelijkheid en verwantschap met het levend en blijvend geloof" [5] aangesien die Woord van God nie alleen vir waar gehou word nie, maar ook positief daarop gereageer word. Die goddelike krag van die Evangelie kan enigsins ondervind word (Matt. 13:20, 21; Hebr. 6:4-6), maar dit veroorsaak slegs 'n rimpeling op die oppervlakte van die siel. Diepte en ware

---

1. Vgl. Wiersinga, W.A. Gods werk in ons, p. 57.
2. Van der Walt, S.J. e.a. Geloofsleer en Sedeleer - St. X. Handboek vir die onderwyser, p. 148.
3. Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 7.
4. Vgl. Hand. 26:27, 28; 2 Tim. 4:10; vgl. ook 2 Tim. 3:5.
5. Calvyn, soos aangehaal deur Wiersinga, W.A. op. cit., p. 60.

skuldbesef is daar nie en wanneer verdrukking of sware aanvegtinge kom, kan dié geloof nie staande bly nie. [6] Dit is tydgeloof, want dit duur net vir 'n tyd.

3.0 Wondergeloof

Dit is die geloof dat deur ons of aan ons 'n wonder kan geskied deur die krag van God. Omdat dit 'n gawe is wat deur die Gees ook aan onwedergeborenes geskenk word, kom dit nie uit die wortel van die wedergeboorte of uit die verligting van die Woord aangaande Christus op nie. Met dié geloof gaan eweneens nie liefde vir Christus of skuldbesef gepaard nie. Dis net geloof in die mag van God, maar verder het dit met God geen verband nie. [7]

Teenoor - en in onderskeiding van - dié genoemde vorme van die skyngeloof word die saligmakende geloof gevind, waaroor dit dan verderaan in hierdie hoofstuk gaan.

B. SALIGMAKENDE GELOOF

Hierdie ware geloof is die middel waardeur die gemeenskap met Christus verwerklik word. Dit is die onontbeerlike voorwaarde vir die realisering van die navolging van Christus. [8] Nie alleen kom die begin van die Christelike eksistensie deur die geloof tot stand nie, maar dit is ook onontbeerlik vir die voortgaande lewe van die Christen. Daarom, sê Duvenage [9], is die Griekse woord "pisteuein" as voortdurende karakteristiek van Christenskap veronderstel.

Op die ware saligmakende geloof moet nou dieper ingegaan word, aangesien juis dit die ideaal is wat vir die onderwysstudent in hierdie studie gestel word.

1.0 Geloof is 'n genadegawe

Onder die genadeweldade wat met die wedergeboorte

---

6. Wiersinga, W.A. loc. cit.

7. Van der Walt, S.J. e.a. op. cit., p. 150.

8. Duvenage, S.C.W. Die navolging van Christus, p. 146.

9. Loc. cit. Hy wys ook op die voortdurende teenstelling: gelowige - ongelowige.

aan die sondaar geskenk word, en wat deur die voortgaande genadewerk van die Heilige Gees uit die wedergeboorte tot ontplooiing kom, neem die geloof seker die belangrikste plek in. Dit is die eerste en eintlike vrug van die wedergeboorte. [10] Hiermee samehangend is die gereformeerde leer dat die geloof deur God geskenk word [11] - 'n genadegawe dus - in teenstelling met die Remonstrantse oortuiging wat die geloof tot die vrye wil van die mens wil herlei. Die Nederlandse Geloofsbelydenis lui in art. 22 dat dit die Heilige Gees is wat in ons harte 'n opregte geloof ontsteek. Hiermee is die Heidelbergse Kategismus in ooreenstemming en voeg ook nog by dat dit deur middel van die heilige Evangelie geskied. Ook die Dordtse Leerreëls verseker ons dat dié wat die geloof besit "hierdie weldaad alleen uit die genade van God" geniet. [12]

Geloof, die besondere genadegawe van God aan die uitverkorenes, is kennis, vertroue en sekerheid.

## 2.0 Geloof is kennis

Die Heidelbergse Kategismus verklaar dat die geloof "'n sekere wete of kennis (is), waardeur ek alles vir waar hou, wat God ons in Sy Woord geopenbaar het". [13] Die Christelike geloof kan dus omskrywe word as die aanneem van die getuienis van God, wat Waarheid is, wat sy Seun in die wêreld gestuur het om van die waarheid te getuig en die getuienis, wat vroeër deur die diensknegte van God gespreek is, te verseël en te boekstaaf. [14] Die geloof luister daarom met gelyke erns en eerbied na die Wet én die Evangelie - na die Woord van God in sy geheel en in al sy dele.

---

10. Van der Walt, S.J. e.a. op. cit., p. 65.

11. Matt. 11:25-27; 16:17; Joh. 1:12, 13; 6:44; 1 Kor. 12:3; Ef. 2:8, 9; Fil. 1:29; 2:13 e.a.

12. II, 7. Vgl. ook Bavinck, H. Geref. Dogm. IV, p. 244.

13. Sondag 7.

14. De Groot, D.J. Het werk van de Heilige Geest (In Berkouwer, G.C. en Toornvliet, G. Het dogma der Kerk, p. 431).

Tog is dit ook 'n onloënbare feit dat, hoewel die geloof niks in die Bybel as onbelangrik ter syde stel of verwaarloos nie, dit hom tog in die eerste plek rig op God se genadige beloftes. [15] Daarom laat Calvyn hom ook só oor die geloof uit: "... it is a firm and sure knowledge of the divine favour toward us, founded on the truth of a free promise in Christ.."[16] Soos 'n refrein klink die stelling dat geloof kennis is telkens op uit Calvyn se werke. [17] Immers, nie deur onwetendheid of onkundigheid kom die erkenning dat God vir ons 'n genadige Vader deur die soenverdienste van Christus is nie, maar juis in kennis is dié geloof gewortel. Deur hierdie kennis alleen verkry ons toegang tot die koninkryk van die hemele. [18]

Calvyn lê, volgens Wiersinga [19], klem op geloof as kennis om daarmee aan te dui dat geloof 'n stellige sekerheid en onwrikbare oortuiging is. Dit is op grond van gewisse kennis dat die gelowige stellig seker kan wees dat soos aan "ander", so ook aan "my" die genade van Christus geskenk word.

Hierdie klem op kennis moet ons egter nou nie verlei om oor die geloof op 'n intellektualistiese wyse te spreek nie. In navolging van Calvyn [20] maak gereformeerde teoloë 'n onderskeid tussen "kennis" en "begrip". Laasgenoemde is 'n moontlikheid van die natuurlike mens wat gerig is op die dinge wat binne bereik van die menslike intelligensie lê. Maar hierdie algemeen-menslike vermoë skiet te kort wanneer die voorwerp van die kennis God Self is. [21] Die geloofskennis is egter dit wat sigself rig op die bonatuurlike

---

15. Calvyn, J. Institusie III, 2, 29. (Vertaling in Engels deur Henry Beveridge).

16. Calvyn, J. Inst. III, 2, 7 (Bg. vertaling).

17. Inst. III, 2, 2; Comm. in Act. 16:31 (C.R. 76, 389; ens.). Lg. aangehaal deur Graafland, C. De zekerheid van het geloof, p. 25.

18. Inst. III, 2, 2.

19. Op. cit., p. 56. Vgl. ook Berkhof, L. Systematic theology, p. 497.

20. Inst. III, 2, 14.

21. Calvyn, J. Inst. III, 2, 18; Rom. 11:33-35.

dinge.[22] Sodanige kennis kom alleen tot die menslike verstand deur die verligtende werking van die Heilige Gees op daardie menslike verstand en deur die Godsopenbaring in Christus Jesus.[23] Daarom kan geloof nooit die vrug van die menslike verstand wees nie, soos deur die skolastici wel eens beweer, naamlik "that faith is an assent with which any despiser of God may receive what is delivered in Scripture".[24] Nee, dit is kennis wat ontstaan uit die onderwysing van die Heilige Gees en is kennis van die geloof, wat andersoortig is as ervaringskennis.

Daaruit volg dat geloofskennis 'n eie besondere aard het. Dit staan nie teenoor bewysvoering nie, maar teenoor die leuen wat in stryd is met wat God se Woord as die waarheid openbaar.[25] Dit is dus nie neutrale kennis nie, maar geïnteresseerde kennis, 'n dankbare kennis van God se welwillendheid jeens ons.[26] Dit is kennis wat gaan om die verhouding van God tot ons. Die Heilige Gees verlig die menslike verstand, en dié word gerig op die sentrale waarhede wat in die Bybel geopenbaar is. En hoe vaster ons geloof word, hoe meer word hierdie geloofskennis ook gerig op dié dinge en waarhede wat verder weg van die sentrum tot op die periferie lê maar wat nogtans alleen vanuit Christus korrek besien kan word.[27]

Van geloofskennis gaan 'n diepgaande werking uit wat ons na die beeld van God verander.[28] Daar is dus 'n noue verband tussen geloofskennis en vroomheid. Vroomheid bloei uit die ware kennis op. Dit is ook heeltemal logies as in gedagte gehou word

---

22. Id., III, 2, 14.

23. Calvyn, J. Comm. in Eph. 3:12 (C.R. 79, 183), aangehaal deur Graafland, op. cit., p. 21.

24. Calvyn, J. Inst. III, 2, 8. (Engelse vert. van Beveridge).

25. Feenstra, J.G. Leer en lewe (Afrikaanse vert. Zeeman, M.T.S.), p. 196.

26. Vgl. Calvyn, J. Inst. III, 2, 7.

27. Vgl. Feenstra, J.G. op. cit., p. 196-197.

28. Calvyn, aangehaal deur Graafland, C. op. cit., p. 17.

a) dat die begin van geloof reeds versoening inhou, waardeur die mens tot God nader; en

b) dat dit daarom nooit maar net 'n suiwer verstandelike instemming sonder meer kan wees nie, dog inteendeel juis meer 'n saak van die hart as van die verstand is; [29] en

c) dat hierdie instemming juis op 'n vrome gesindheid berus. [30]

Deur die ware kennis word die mens wat eers van God afkerig was weer onder sy heerskappy gebring en met die geregtigheid van Christus beklee.

In die sentrum van die geloofskennis staan Christus as die voorwerp van ons geloof. Christus word aanvaar tot regverdiging, vergifnis van sondes en heiligmaking. Die geloof kan Hom dus nooit na behore ken as dit nie die heiligmaking deur die Gees ook aangryp nie. Hieruit is dit al meer duidelik dat dit by die geloof as kennis nie gaan om 'n intellektuele ken in die eerste plek nie, maar om 'n kennis wat ons harte laat ontvlam tot liefde vir Christus. Dit is kennis wat die hele mens in beweging bring. [31] Nie alleen die verstand nie maar ook die hart - waaruit die uitgange van die lewe is - word daardeur beheers. Dit is 'n werksame, eksistensiële en bevindelike kennis. [32]

3.0 <u>Kennis en vertroue</u>

Die ware geloof openbaar hom in kennis én vertroue. Immers, wie glo, ken en vertrou, d.w.s.

a) hou God se Woord en beloftes, wat hy ken, vir waar en betroubaar, en

b) vertrou dat Christus, vir Wie hy ken, sy Borg en Saligmaker is.

Hierdie twee aspekte van geloof, naamlik kennis en vertroue, kan onderskei maar nie geskei word nie,

---

29. Calvyn, J. Inst. III, 2, 8.

30. Calvyn, J. Inst. III, 2, 9.

31. Graafland, C. op. cit., p. 18.

32. Loc. cit.

want die ware geloof is nie alleen 'n sekere kennis nie maar ook 'n vaste vertroue. 33) Deur die sekere kennis van God se beloftes en die sekere wete of kennis dat God al sy beloftes gestand sal doen, kan die gelowige "ook 'n vaste vertroue" hê dat "ook aan my" vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is. 34) Die vertroue sowel as die sekerheid kom regstreeks op uit die oortuigde kennis van God se Vaderlike goedgunstigheid. 35) Dit begin dus eintlik by die Woord wat verkondig of onderrig word in kerke, huise, skole, kolleges ens.

So gesien stel die gereformeerde belydenis 'n heeltemal ander opvatting oor die wese van geloof daar as wat Karl Barth in sy eerste geskrifte voorgehou het, naamlik asof geloof 'n "waagstuk", 'n "sprong in die duister" sou wees. 36) Hieroor later in hierdie hoofstuk meer. 37)

Die gereformeerde belydenis is ook heeltemal in teenstelling met Rome se leer, naamlik dat die geloof slegs maar toestemming is, wat eerder deur onkunde as deur kennis gekenmerk word en daarom 'n ingewikkelde en blinde geloof is. Die Skrif stel hom in Rom. 10:8-10; 14 en 17 teen die Roomse standpunt, wat as antwoord op die vraag: Wat is geloof? leer dat dit "het verstandelijk aanvaarden van een waarheid op gesag van een ander (is), hiertoe bewogen door den wil". 38)

Daardeur sluit die geloof nog nie 'n persoonlike

---

33. Bavinck, H. Geref. Dogm. IV, p. 118. Ook sê Bavinck: "Uit reactie tegen het intellectualisme kan men wel eenigen tyd allen nadruk laten vallen op het element des gevoels of vertrouwen, dat in het zaligmakend geloof aanwezig is, maar alle overdrijving schaadt en drijft weer over."

34. Heidelbergse Kategismus, Sondag 7.

35. Calvyn Homil. 1 Sam. 13:1-7 (C.R. 58, 15); Comm. in Rom. 8:33 (C.R. 77, 163), volgens Graafland, op. cit., p. 19.

36. De Groot, D.J., op. cit., p. 431.

37. Vgl. hierna p.9 : Geloof is sekerheid.

38. Maltha, Kath. Dogm. 8, aangehaal deur Visser, P. Het geloof der vaderen, p. 128.

vertroue op God in nie, maar is dit slegs 'n vrye en verdienstelike toestemming van die verstand aan al die waarhede wat God geopenbaar het en wat die kerk bely.[39] Die saligmakende geloof word dus gelyk geskakel met die historiese geloof.[40]

Verder is die geloof ook nie iets bonatuurliks soos Rome leer nie, maar dis die herstel van ons oorspronklike natuur. "... dit is nie 'n nuwe skepping nie maar herskepping ..."[41] Die geloof gaan wel teen ons sondige natuur in, maar nie teen die menslike natuur as sodanig nie.

Uit die beskrywing van geloof in die Heidelbergse Kategismus[42] as 'n vaste vertroue dat "ook aan my" saligheid geskenk is, kom die persoonlike karakter van geloof uit. Dit gaan in die geloof nie maar om algemene waarhede waarbuite die gelowige staan, of waarteenoor hy slegs beleefd belangstellend of simpatiek maar ongeraak staan nie. Dit gaan in die geloof om 'n waarheid waarby die gelowige ten nouste betrokke is. Dit gaan om dood en lewe. Dit gaan om sy eie regverdigheid deurdat hy gelowig deel kry aan die verworwe skatte van Christus. Die geloofsinhoud mag dan ook nooit ligtelik verkondig of onderrig word nie. Wie verkondig, moet eksistensieel betrokke wees by die waarhede wat hy onderrig.

Maar - om te voorkom dat eensydige klem op die persoonlike geloof sou val, wat tot geestelike hoogmoed en selfs tot individualisme in die godsdiens kan lei - staan daar in die Kategismus ook dat "andere" die saligheid ontvang. Hieruit is dit duidelik - soos ook uit die "onse" van die Onse Vader[43] - dat klem ook gelê moet word op die gemeenskaplike in ons geloof, net soseer as wat klem gelê word op die persoonlike verantwoordelikheid van elke gelowige.[44]

---

39. Visser, P. op. cit., p. 128.

40. Bavinck, H. Geref. Dogm. IV, p. 112.

41. Feenstra, J.G. op. cit., p. 195.

42. Sondag 7.

43. Keet, D.J. Die gebed (In Van der Walt, S.J. e.a. op. cit., p. 315).

44. Feenstra, J.G. op. cit., p. 197.

Net soos die kennis so is ook die vertroue gerig op die Woord van God, wat onmiddellik dwing tot die gevolgtrekking dat Godsdiensonderrig Skrifgegrond moet wees. Terwyl die kennis nie maar 'n vae mening is nie maar betroubare kennis van Christus wat verkry word uit die Evangelie, is die geloofsvertroue ook nie valse gerustheid nie maar sekerheid, omdat dit op die waaragtige Woord van God gegrondves is. [45]

4.0 Geloof is sekerheid [46]

4.1 Calvyn het die sekerheid geheel en al as behorende tot die wese van geloof beskou en telkens sterk nadruk daarop gelê. [47] Volgens hom is slegs hý waarlik 'n gelowige wat daarvan vas oortuig is dat God sy genadige Vader is, wat van die goedertieren God alles verwag en wat, vertrouend op die goedgunstige beloftes van God, 'n ontwyfelbare verwagting van die saligheid het. [48] Dié standpunt van Calvyn, naamlik dat geloof sekerheid is, word gehuldig deur alle ware gereformeerde teoloë.

4.2 Volgens gereformeerde belydenis is die geloof dan die onwrikbaar vaste sekerheid dat 'n mens persoonlik die voorwerp van God se genade in Christus Jesus is. Immers, geloof is in sy aard met twyfel in stryd. [49] Die versekerdheid is dus nie 'n aparte - of tweede - genadegawe van God wat bý of ná die geloof geskenk word, soos wat die Piëtisme dit voorstel, nie. [50] Geloof het nie sekerheid nie maar is sekerheid. [51] Baie helder kom dit ook uit in die woord wat in die Ou Testament vir "geloof" en "glo" gebruik word. Die stam van dié woorde is die bekende "amen" wat vastigheid,

---

45. Graafland, C. op. cit., p. 27.

46. Vgl. Spr. 14:26a.

47. Graafland, C. op. cit., p. 27.

48. Calvyn, J. Inst. III, 2, 16.

49. Bavinck, H. Geref. Dogm. IV, p. 244.

50. Wiersinga, W.A. De Heilige Geest en het geloof (In Bavinck, J.H. e.a. De Heilige Geest, p. 377).

51. Wiersinga, W.A. Gods werk in ons, p. 61.

sekerheid, trou beteken. [52] Ook in die Nuwe Testament is geloof 'n vastigheid. [53] Dit ken nie alleen geen twyfel nie, maar dit staan teenoor alle vrees en twyfel. [54]

4.3 <u>Soorte sekerheid</u>

Geloofsekerheid moet van sekerheid wat deur waarneming en denke verkry is, onderskei word: [55]

a) Eersgenoemde rus op openbaring, gesag, Goddelike Woord;

b) laasgenoemde berus op wetenskaplike bewysvoering.

Maar geloofsekerheid moet ook nog weer onderskei word in twee geloofsdade waarmee die waarheid aanvaar word: [56]

a) Dit kan sekerheid wees ten opsigte van die waarheid van die godsdiens wat bely moet word; en

b) dit kan sekerheid wees ten aansien van die feit dat ek persoonlik deel het aan die heil wat in die godsdiens beloof word.

Beide soorte sekerheid hang ten nouste saam, maar moet nietemin onderskei word, want die geloofsdaad waarmee die waarheid aanvaar word, is 'n ander as dié waarmee ek my van my saligheid vergewis.

4.4 <u>Sekerheid en waarheid</u> moet ook onderskei word. Waarheid bring altyd sekerheid mee [57], maar sekerheid is nog geen bewys van waarheid nie. Dit kan 'n valse gerustheid wees. Sekerheid sonder meer maak die mens daarom ook nie vry nie; dit is die waarheid alleen wat die mens bevry van diensbaarheid aan die sonde en die dood. Indien die Seun, wat die Waarheid is, die mens vrygemaak het, sal hy waarlik vry wees. [58]

---

52. Keet, D.J. Op. cit., p. 348.

53. Vgl. Hebr. 11:1.

54. Rom. 4:20; Mark. 4:40; Matt. 6:30, 31; ens.

55. Bavinck, H. De zekerheid des geloofs, pp. 24, 25.

56. Id., p. 63.

57. Id., p. 35.

58. Joh. 8:32.

### 4.5 Die afwesigheid van volle geloofsekerheid

Die ideaal is hierbo gestel. Ons moet egter erken dat onder diegene wat die besondere openbaring van Gods genade van harte aanneem, die geloofsekerheid nie by almal en nie te alle tye aangetref word nie. In stede daarvan word twyfel, bekommernis en onsekerheid gevind. "Zelfs zijn ze te tellen, de weinigen, die vast verzekerd zijn van hun aandeel aan Christus en roemen in de hope der heerlijkheid der kinderen Gods."[59) Ook Calvyn is van mening dat wanneer nie rekening gehou word nie met die feit dat geloofsekerheid "vrees en bestryding" allermins uitsluit maar juis insluit, dan sou die geloofsekerheid "een titanisch indruk" kon wek.[60) By alle gelowiges is die geloof saam met die ongeloof aanwesig.[61) Om volkome in die geloof te staan, sou alleen moontlik wees indien ons bokant die sonde verhewe was.[62) Daarom, al is ons ook gelowiges, moet ons altyd "weer opgewekt worden tot het geloof"[63), want ons geloof is lank nie wat dit behoort te wees nie.

Sekerheid moet dus nie verstaan word as 'n gerustheid wat deur geen enkele bekommernis, onsekerheid, twyfel of vrees aangeval word nie. Juis die teendeel is waar. Die gelowige het voortdurend 'n stryd te stry met sy persoonlike gebrek aan vertroue. Altyd duik daar nog twyfel op omdat ons geloof nooit volmaak is nie.

Maar aan die anderkant, so verduidelik Calvyn, beteken dit nie dat die gelowige as gevolg van twyfel geheel en al afvallig raak en alle vertroue verloor nie. As bewys vir sy stelling wys hy dan op Ps. 42:6; 43:5;

---

59. Bavinck, H. De zekerheid des geloofs, p. 37. Vgl. ook sy uitlating, p. 47: "De meesten blijven tot hunne stervensuren klagend".

60. Van der Linde, S. De leer van den Heiligen Geest bij Calvijn, p. 134.

61. Calvyn, J. Inst. III, 2, 4.

62. Bavinck, H. Soos vertolk deur Wiersinga, W.A. De Heilige Geest en het geloof (In Bavinck, J.H. e.a. De Heilige Geest, p. 379).

63. Loc. cit.

31:23; 116:7. [64] Te midde van die aanvegtinge ondersteun die geloof juis die harte van die gelowiges sodat hulle, hoewel hulle tydelik afvallig mag raak, tog nooit wegval uit God se genade nie. Deur al die aanvegtinge word die geloof nie swakker nie maar sterker. [65] In dié lig moet die bewering van Aalders gesien word, naamlik dat wie nooit getwyfel het ook nooit geglo het nie. [66] Natuurlik wil Aalders nie alle twyfel vergoeilik nie, want hy sê self dat daar ook 'n twyfel is wat die weg baan na ongeloof en in vertwyfeling, dit is in wanhoop, eindig. [67]

Hoewel uit bostaande feite reeds veel verklaar is, is dit nietemin nog nie heeltemal duidelik hoedat aan die eenkant gesê kan word dat geloof sekerheid is en aan die anderkant die twyfel en kleingeloof tog ten volle hierby in bereken gebring kan word nie. Calvyn maak dit duidelik vanuit tweërlei gesigspunt: [68]

1) Allereers wys hy op die antitese vlees en gees, waardeur daar in die gelowige 'n voortdurende afwisseling kom tussen enersyds 'n versekerende besef van die goedheid van God en andersyds 'n benouende besef van eie ellende. Hierdie afwisseling ontstaan deur die onvolmaaktheid van die geloof. Aan die oorblyfsels van die oue mens wat daar nog in die gelowige aanwesig is, klem die parasietspesies van die ongeloof hulle vas om van daaruit die geloof te bestry.

2) Hierby moet onthou word dat die geloof in voortdurende betrekking tot die Woord staan en daarvan ewe min losgemaak kan word as die strale van die son. [69] Die Woord is die grondslag waardeur die geloof geskraag en ondersteun word, en die geloof

---

64. Vgl. Graafland, C. op. cit., p. 30.

65. Calvyn, J. Inst. III, 2, 17. Vgl. sy beeld van die palmboom.

66. Aalders, W.J. Twijfel en geloof (In Aalders, W.J. e.a. Twijfel en geloof, p. 143).

67. Id., p. 145.

68. Calvyn, J. Inst. III, 2, 18.

69. Id. III, 2, 6.

doen dan ook nie anders nie as om op die Woord "ja" te sê. As die geloof van die Woord afwyk, behou die geloof nie sy natuur nie maar is dit 'n sekere liggelowigheid, 'n onbestendige dwaling van die verstand. [70]

## 4.6 Die betrokkenheid op die Woord

Die betrokkenheid op die Woord gee juis aan die geloof 'n vastigheid, wat gegrond is op die sekerheid van die goddelike waarheid wat in die Woord geopenbaar is.

Weliswaar ontspring die geloof (en vertroue en sekerheid) nie uit die lees of studie van die Heilige Skrif sonder meer nie, maar die Heilige Gees maak die objektiewe evidensie van die Woord subjektief in die menslike hart tot 'n werklikheid. Die ware kennis van die Woord van God kom alleen deur die verligtende werking van die Heilige Gees tot stand. Ware geloofskennis, is reeds gesê, is nooit sonder vertroue nie. En so is die geloof 'n gawe van God sowel daarin dat dit die verstand van die mens verlig om die waarheid van God te smaak, asook dat die hart in daardie waarheid bevestig word. [71] Die Heilige Gees roep in die harte van die gelowiges dieselfde getuienis uit wat Hy in die Skrif uitroep.

Die grond van die gelowige se sekerheid is nie 'n op sigself staande getuienis van die Heilige Gees nie, maar dis die Woord van God. Vandaar die primêre noodsaaklikheid van Woordverkondiging (en Godsdiensonderrig). Die Heilige Gees laat die gelowige die Woord dan in sy krag ervaar en verwek so in hom die sekerheid aangaande die inhoud van die Skrif. Hy bewerk ook sy persoonlike deelhê daaraan.

Teenoor die twyfel van die mens staan die sekerheid van die Woord.

## 4.7 Kontinuïteit van die geloof

Sekerheid hang ook saam met die feit dat die ware

---

70. Loc. cit.

71. Calvyn, J. Inst. III, 2, 7.

geloof nie verliesbaar is nie. Calvyn praat van die wortel van die geloof wat nooit uit 'n vrome hart uitgeroei kan word nie, hoe dit ook al geskok mag word en her- en derwaarts mag neig. [72] Want soos die Woord onuitroeibaar is, so ook sy vrug. Hier word egter beslis nie die skolastiese opvatting gehuldig as sou die geloof weens eie kwaliteit of habitus teen alle aanvalle bestand wees nie. Wat wel bedoel word, is dat die ware geloof nie tot niet kan gaan nie omdat dit hom wapen en versterk met die Woord van God; omdat die gelowige nooit weer uit die hand van die Here geruk kan word nie. [73] Die kontinuïteit van die geloof is te danke aan die kontinuïteit van sy voorwerp.

5.0 <u>Die voorwerp van geloof</u>

"Wij zeggen dat het fundament des geloofs is de genadige belofte, omdat op haar het geloof eigenlijk berust. Want ofschoon het vasstelt dat God in alles waarachtig is, hetzij Hij beveelt, hetzij Hij dreigt: ofschoon het ook zijn bevelen gehoorzaam aanvaardt, op zijn geboden acht geeft en zijn dreigingen opmerkt: eigenlijk begint het toch bij de belofte, daarop berust het, daarin eindigt het". [74] Hieruit, maar ook uit die voorgaande, blyk afdoende dat Calvyn <u>primêr</u> die besondere beloftes van God se barmhartigheid as voorwerp van die geloof beskou - al is dit dan tog waar dat die ganse Heilige Skrif voorwerp van die geloof is.

Ook die Heidelbergse Kategismus praat eers van 'n vir waar hou van <u>alles</u> wat God in sy Woord geopenbaar het, maar lê daarna tog spesiaal klem op wat aan ons "beloof" word in die "Evangelie". [75] Die "Evangelie" omvat natuurlik nie net die belofte van skuldvergewing deur Jesus Christus nie maar ook alle beloftes van God vir die teenswoordige en toekomstige lewe wat in

---

72. Calvyn, J. Inst. III, 2, 21.

73. Graafland, C. op. cit., p. 42.

74. Calvyn se kommentaar op Hebr. 11:11 (C.R. 83, 154) soos aangehaal deur Graafland, op. cit., p. 43.

75. Sondag 7; vraag 21.

Christus Jesus ja en amen is. [76]

In ooreenstemming met die voorgenoemde verklaar die Dordtse Leerreëls dat die geloofsversekerdheid nie uit enige besondere openbaring spruit nie maar "uit die geloof aan die beloftes van God" wat Hy in sy Woord tot ons troos geopenbaar het. [77]

Uiteraard moet die beloftes dus in Woordverkondiging (ook Godsdiensonderrig) voldoende beklemtoon word.

## 6.0 Geloof en uitverkiesing

### 6.1 Inleidend

Die uitverkiesingsleer lê ongetwyfeld in belangrike mate ten grondslag van die gereformeerde teologie. Calvyn het dié onderwerp breedvoerig behandel in sy Institusie [78] en is op voetspoor gevolg deur gereformeerde teoloë. Ook Luther, en selfs Melanchton in sy vroeë fase, het die absolute predestinasie aanvaar, maar Luther se oortuiging dat dit God se wil is dat alle mense gered moet word, het hom genoodsaak om in sy latere lewe die uitverkiesing nie sterk te beklemtoon nie. Geleidelik het dit ook uit die Lutheraanse teologie verdwyn. [79]

Die gereformeerde standpunt is:

### 6.2 Die uitverkiesing gaan oor die mens se ewige toestand

God se Raad gaan oor alle dinge, ook oor die mens se lotsbestemming. Al God se besluite vorm 'n organiese geheel waarvan uitverkiesing die middelpunt is. Ons is in Christus uitverkies, volgens God se Raad, voor die grondlegging van die wêreld reeds, om aan ons

---

76. Wiersinga, W.A., op. cit., p. 57. Vgl. ook 2 Kor. 1:20.

77. V, 10.

78. III, 21-24.

79. Berkhof, L. Systematic Theology, p. 110. Die Lutherane staan tans op die standpunt van die voorwaardelike uitverkiesing.

die saligheid te skenk. [80)]

### 6.3 Die predestinasie omvat verkiesing en verwerping

Karl Barth en ander dialektiese teoloë stel die verkiesing en verwerping nie naas mekaar nie, omdat hulle leer dat die verwerping vir Christus is en die verkiesing vir alle mense. [81)] Dit is 'n onaanvaarbare standpunt; so ook die leer van die kondisionele onsterflikheid of uitverkiesing, want die geloof word hier nie as 'n gawe van God [82)] gesien nie. [83)]

Dit sou nietemin verkeerd wees om verkiesing en verwerping op een lyn te stel, want die twee is nie gekoördineerd nie; die verwerping is ondergeskik aan die uitverkiesing. [84)] Die sonde het in God se Raad 'n ander plek as die genade.

### 6.4 Die uitverkiesing is volgens God se Raad

Die uitverkiesing is nie 'n meganiese willekeur of voorkeur by God nie. Hy het nie gekies omdat die gelowiges sou glo nie, maar sodat hy/sy sou glo. [85)] <u>Geloof is dus nie motief nie maar vrug van die uitverkiesing.</u> Dis die onveranderlike voorneme wat God van ewigheid af gehad het waardeur Hy ons deur louter genade, en nie weens enige verdienste nie, uitverkies het. Die uitverkiesing het dus sy oorsprong, grondslag en sy wortel in die ewigheid, en wel in die hooggheilige Raad van God. [86)]

### 6.5 Die uitverkiesing ... in Christus

Die Nederlandse Geloofsbelydenis lui dat God uit

---

80. Vgl. die H. Kategismus, Sondag 21; Nedl. Geloofsbelydenis, art. 37; Dordtse Leerreëls, II, 7-9.

81. Berkouwer, G.C. Geloof en rechtvaardiging, p. 169 e.v.

82. Vgl. supra p. 2.

83. Feenstra, J.G. op. cit., p. 69.

84. Id., p. 70.

85. Visser, P. op. cit., p. 61. Vgl. ook Ef. 1:4 en die Dordtse Leerreëls: I, 9.

86. Van Rooyen, E.E. Die Nederlandse Geloofsbelydenis, p. 132.

die verderf trek en verlos diegene wat Hy in Sy ewige en onveranderlike Raad, enkel uit goedertierenheid, in Jesus Christus uitverkies het. [87] Vanuit 'n ander hoek gesien, dog ooreenstemmend, is die verklaring in die Heidelbergse Kategismus, naamlik dat die Seun uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente tot die ewige lewe uitverkies het, hulle vergader, beskerm en onderhou. [88] Aanvullend hierby word in die Dordtse Leerreëls verklaar: God het Christus van ewigheid af tot Middelaar en Hoof van alle uitverkorenes en tot 'n fondament vir hulle saligheid gestel. [89]

Die uitverkiesing gaan nie buite Christus om nie en daarom het die Christelike geloof tereg 'n absoluutheidsaanspraak - in teenstelling met wat die relativiste leer [90] - en dus stel dit ook geloofsekerheid as godsdienstige ideaal.

### 6.6 Uitverkiesing en geloofsekerheid

Na die noodsaaklike kensketsing vooraf van die belangrikste aspekte van die uitverkiesing, moet nou spesifiek gelet word op die verband tussen ons hoofonderwerp, geloof, en die uitverkiesing.

Niemand moet dink dat geloof sonder uitsondering die gevolg is by almal aan wie die Woord gebring word nie. Want die prediking van die Woord het alleen uitwerking wanneer die uitwendige roeping gepaard gaan met die inwendige roeping van die Gees. [91] Wanneer die Woord tot die uitverkorenes kom, gee die Heilige Gees aan die uitwendige Woordverkondiging inwendige effek. Inderdaad, dié wat God verordineer het, die het Hy ook geroep [92] - én geregverdig én verheerlik.

Van besondere belang - ook met die oog op latere hoofstukke van hierdie verhandeling - is die vraag (wat

---

87. Art. 16.

88. Sondag 21.

89. I, 7.

90. Vgl. hierna p. 100.

91. Graafland, C. op. cit., p. 47.

92. Rom. 8:30.

ook as 'n beskuldiging soms voorkom): Staan die uitverkiesingsleer nie juis in die weg van geloofsekerheid nie? Hiermee hang ten nouste saam die vraag: Kan 'n mens van sy verkiesing tot die ewige lewe seker wees?

Die verworpenes kan ook glo, sy dit ook skyngeloof; daarom sal die geloof na sy egtheid ondersoek moet word. Wanneer die Skrif hieroor geraadpleeg word, ontstaan verder nog die vraag: Vergesel die verligtende werking van die Gees my lees van die Woord? Daarom is dit begryplik dat "het ongereflecteerde vertrouwen op het Woord der belofte niet alleen de grote last van die heilzekerheid kan dragen." [93)]

Hierop het Calvyn reeds geantwoord dat om seker te wees van ons saligheid ons by die Woord moet begin. Dit beteken vir hom dieselfde as om by God se roeping te begin en te eindig. En dit is weer niks anders nie as om die oë op Christus te vestig wat die Bron van die lewe en die saligheid is. [94)] Die sekerheid van die mens se verkiesing vind hy nie in homself nie maar in Christus in Wie hy uitverkies is en in Wie hy God liefhet.

Dit is egter net die begin - met die Woord en met die oë gerig op Christus Jesus. Daarby kom tot bevestiging van ons vertroue nog 'n ander vastigheid. [95)] Dit is die gelowige aanneming van Christus as vrug van die roeping van God. Indien 'n mens wil weet of hy tot die saligheid verkies is, moet hy ondersoek of God hom aan Christus opgedra het.

Indien ons egter twyfel of ons veilig in Christus uitverkies is, dan kom God ons twyfel tegemoet omdat Hy Homself uit eie beweging tot ons Herder aanbied. [96)] Die Heilige Gees gebruik ook die Woord en sakrament om ons vaste sekerheid te gee. [97)]

---

93. Graafland, C. op. cit., p. 48.

94. Calvyn, J. Institusie III, 24, 3-5.

95. Id., III, 24, 6.

96. Vgl. Joh. 10:3.

97. Duvenage, B. Geloofsleer, p. 94.

Ten slotte is dit ook so dat 'n goeie gewete voor God bevestig word deur goeie werke wat ons doen - in soverre hulle getuienisse is dat God in ons woon en regeer. [98] Die genade van goeie werke toon aan dat die Gees van Christus aan ons geskenk is en dit dien tot versterking van die geloof. Solank 'n mens maar nie verval in werkheiligheid nie, want dan word die blik van Christus afgewend na onsself waardeur die sekerheid nie versterk en bevestig word nie maar veel eerder in gevaar gebring word.

Op grond van bostaande argumentasie moet die beswaar dat die uitverkiesingsleer 'n gevaar vir geloofsekerheid is, afgewys word. Terselfdertyd moet daarop gewys word dat dit juis die ontkenning van God se soewereine uitverkiesing is, wat geloofsekerheid onmoontlik maak, aangesien die mens se saligheid dan afhanklik van die menslike lewe en keuse gestel word. Wat 'n wankelbare fondament vir sekerheid is die mens nie!

## 7.0 <u>Geloof en wedergeboorte</u>

### 7.1 <u>Wedergeboorte</u>

Die hartsverandering wat deur die inwendige roeping in die mens teweeggebring word, staan bekend as die wedergeboorte: 'n geboorte van bo af om aan te dui dat God die Heilige Gees die Outeur daarvan is.

Die nuwe geboorte van bo af geskied deur die wederbarende werking van die Heilige Gees saam met en deur die prediking van die Woord van God. [100] Die Woord alleen het nie 'n magiese werking nie. Woord en Gees, wat nie geskei kan word nie, het die wederge-

---

98. Calvyn, J., III, 14, 18.

99. Joh. 3:3-8: In die onderwys wat Jesus aan Nikodémus gee, lê Hy die nadruk nie daarop dat daar vir die ingang in die Koninkryk 'n tweede geboorte nodig is nie (hoewel die wedergeboorte natuurlik ook so kan heet), maar Jesus wil aan Nikodémus veral duidelik maak dat 'n geboorte van bo (vers 3), uit water en Gees (vers 5), uit die Gees (vers 8) die toegang tot die Koninkryk ontsluit. Vgl. Bavinck, H. Handleiding bij het onderwijs in den Christelijken godsdienst, p. 165. Vgl. ook Visser, P. op. cit., p. 126.

100. Visser, P. op. cit., 28:4.

boorte tot gevolg.

Die wedergeboorte is dus nie mensewerk nie, ook geen produk van 'n langsame ewolusie van ons natuurlike lewe, of slegs 'n sedelike verbetering soos die Aufklärung leer nie.[101] Dit is juis 'n radikale breuk met die oue bestaan. Dit is die skeppende aanvang van 'n nuwe, geestelike lewe; die afsterwe van die oue en die opstanding van die nuwe mens.[102] Tog is dit nie 'n tweede skepping nie maar 'n herskepping in Christus. Hierdie verandering is 'n innerlike, geestelike en sedelike verandering.[103] Die wedergeboorte stort 'n beginsel van nuwe lewe in. Dit word deur die Gees skeppend voortgebring in aansluiting by die opstanding van Christus, uit Wie Hy alles neem.[104] 'n Heeltemal nuwe mens groei daaruit op[105], 'n wedergeborene en 'n Christus-gelowige.

## 7.2 Wedergeboorte en geloofsekerheid

Hoewel die wedergeboorte geheimnisvol en verborge in die Ek as kern van die menslike persoonlikheid aanvang, werk dit deur tot alle vermoëns van die mens: tot sy verstand en tot sy hart[106] en wil[107], ook tot sy geneënthede[108], tot siel en liggaam.[109] Hoewel dié mens verander is en begeer om voortdurend deur die Gees te wandel, is hy nie meteens volgroeid in die wedergeboorte nie en het hy nog te stry teen allerlei sondes van die vlees.[110]

---

101. Bavinck, H. Geref. Dogm. IV, p. 35.

102. Id. Handleiding bij het onderwijs in de Christelijke godsdienst, p. 166; vgl. ook Rom. 6:3 e.v.

103. Id. Geref. Dogm. IV, p. 48.

104. Vgl. 1 Pet. 1:23; 1 Joh. 3:9.

105. Bavinck, H. Handleiding bij het onderwijs in de Christelijke godsdienst, p. 167; vgl. ook Joh. 3:6.

106. Vgl. Rom. 12:2; 1 Kor. 2:12; Ef. 4:22; vgl. ook Hebr. 8:10; 10:16; 1 Pet. 3:4.

107. Vgl. Rom. 7:15-21.

108. Vgl. Rom. 7:22.

109. Vgl. 1 Thess. 5:23; Rom. 6:19.

110. Gal. 5:17; vgl. Rom. 6:4; 7:6.

'n Belangrike gevolgtrekking (belangrik vir latere hoofstukke van hierdie verhandeling) is: Die wedergeboorte hef nie die moontlikheid van twyfel of vrees of onsekerheid aangaande eie saligheid by die gelowige op nie, maar hierdie verskynsels is oorblyfsels van die oue mens, terwyl geloofsekerheid vrug van die wedergeboorte is en dus tot die nuwe mens behoort. [111)]

Geloof as die vrug van die wedergeboorte [112)] het veelal nog te stry met die reste van die oue mens en daarom twyfel gelowiges ook dikwels. Feit bly egter, aldus Bavinck: "Het leven, dat in de wedergeboorte ontstaat, kan, van 's menschen zijde bezien, een leven des geloofs heeten, Gal. 2:20." [113)]

## 8.0 Geloof en bekering

Omdat die wedergeboorte aan die mens in sy totaliteit lewe gee, sal nie net die hart en verstand van die mens daarby inbegryp word nie maar ook sy wil. [114)] In die eersgenoemde geval openbaar die ware wedergeboorte hom in die vrug van die geloof en in laasgenoemde geval in dié van die bekering. Hoewel die geloof en bekering uit die wedergeboorte spruit en hoewel albei in die hart wortel, werk die geloof van daar uit meer na die sy van die bewussyn en eien vir hom die vergewende genade van God in Christus toe, terwyl die bekering meer na die sy van die wil werk en dit van die kwaad af wegkeer na die goeie. [115)]

Geloof en bekering, hoewel onderskeibaar, bly altyd in noue verband met mekaar. Dit ondersteun en bevorder mekaar, omdat albei in dieselfde hart wortel. Die bekering word in die gereformeerde teologie dan - volgens Bavinck - ná die wedergeboorte (in engere sin), naas en in verband met geloof en voor regverdiging in orde geplaas. [116)]

---

111. Bavinck, H. Geref. Dogm. IV, p. 48.

112. Calvyn, J. op. cit., III, 3, 1.

113. Bavinck, H. Geref. Dogm. IV, p. 75.

114. Marais, S.J.L. Die heilsweg, p. 25.

115. Bavinck, H. Geref. Dogm. IV, p. 153.

116. Id., p. 153.

Nader bepaald is die bekering 'n inkeer en ommekeer van die wedergebore mens waardeur hy die sonde na sy ware aard leer ken, haat en daarvoor vlug, met ootmoedige skuldbelydenis tot God as Vader in Christus terugkeer en met 'n hartlike blydskap in sy weë begin wandel. [117)]

In die bekering kan allerlei elemente onderskei word:

1) Verligting van die verstand, waardeur die sonde na waarheid leer ken word en tot gevolg het: droefheid, leedwese en skaamte omdat die mens God vertoorn het;

2) ootmoedige skuldbelydenis in die verborgene, of privaat voor 'n mens of in besondere gevalle ook in die openbaar (voor die kerkraad of selfs gemeente);

3) 'n haat van die sonde en 'n bewuste en besliste keuse om die sonde af te lê;

4) 'n opstaan en terugkeer tot God as ons Vader in Christus Jesus - dus in die geloof dat Hy ter wille van die verdienste van Christus ons dit alles kan en wil vergewe;

5) 'n hartlike vreugde in God deur Christus omdat Hy ons sondes vergewe het en omdat ons so 'n genadige Vader het;

6) 'n opregte liefde en lus om in alle goeie werke daagliks na die wil van God te lewe. [118)]

Dit is dus 'n hartgrondige breuk met die sonde oor die hele linie van verstand, hart, wil, siel en liggaam en 'n stel van die mens oor hierdie hele linie in God se weg en diens. Dit alles is die vrug van die geloof. [119)] Sonder wedergeboorte en geloof is die bekering alles skyn. Aan die anderkant: sonder daaglikse breuk met die sonde is geloofsekerheid nie moontlik nie. Dis juis die onbelyde, nie erkende

---

117. Id., p. 152.

118. Duvenage, B. op. cit., p. 96.

119. Van der Walt, S.J. e.a., op. cit., p. 152.

boesemsondes wat twyfel ten aansien van eie saligheid skep.

Samevattend: "Die bekering werk hom uit in 'n lewe van dankbaarheid as vrug van die geloof".[120) Bekering en geloof: dit is 'n tweelingvrug van die Gees.[121)

## 9.0 Regverdigmaking en geloof

### 9.1 'n Regterlike daad van vryspraak

Wedergeboorte, geloof en bekering is die enigste weg waarlangs die volgende weldade deur die mens ontvang kan word[122): vergewing van sondes en kindskap van God, asook vreugde en vrede, heiligmaking, volharding en verheerliking. Regverdigmaking is dus die eerste van hierdie weldade. Daaronder word 'n genadige regterlike daad van God verstaan waardeur Hy die mens vryspreek van alle skuld en straf van die sonde en hom gevolglik die reg op die ewige lewe gee. Van die ander weldade hierbo genoem (te wete vreugde van die hart, vrede van die siel en rus van die gewete) - en ook van geloofsekerheid - kan daar sonder regverdiging nie sprake wees nie.

### 9.2 Regverdiging op grond van Christus se verdienste

Belangrik is dit dat die mens nie om eie verdienste nie maar alleen ter wille van die verdienste van Jesus Christus deur God in sy regterlike uitspraak skuldeloos verklaar word.[123)

### 9.3 Regverdigmaking en geloof

'n Vraag wat hier te pas kom, is watter verband daar tussen geloof en regverdigmaking is.

---

120. Id., p. 154.

121. Marais, S.J.L. op. cit., p. 25. Hy wys op die volgende Skrifgedeeltes ter stawing: Hand. 11:19; 2: 37, 38, 40, 41; 19:18, 19; Matt. 3:2, 6.

122. Bavinck, H. Geref. Dogm. IV, p. 183.

123. Dordtse Leerreëls II: 1, 2, 5, 7, 8.

1) Regverdiging deur geloof

Die geloof, hoewel in sigself leeg, laat nie 'n mens leeg nie maar vervul hom met Christus. Die geloof is die gemeenskapsband met Christus. Deur gemeenskap met Christus, aldus Calvyn [124], word sý geregtigheid ons s'n. In hierdie subjektiewe sin geneem, volg regverdigmaking dus op geloof. Die Nederlandse Geloofsbelydenis leer [125] dat die Heilige Gees in ons harte 'n opregte geloof laat ontvlam wat Jesus Christus met al sy verdienste omhels, Hom tot 'n eiendom maak en niks anders meer buite Hom soek nie. Deur dié geloof alleen - en sonder werke - word die mens geregverdig. Dit is nie die geloof self - asof dit verdienste is - wat die mens regverdig nie, want dis maar net 'n middel, ontvang deur genade, waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels.

2) Regverdiging van ewigheid af?

By 'n bespreking van regverdigmaking en geloof is die stryd wat ontstaan het as gevolg van die beskouing van Kuyper [126] besonder belangrik. Dit gaan oor die vraag of gepraat kan word van 'n regverdiging van ewigheid af. H. Bavinck laat hom daaroor soos volg uit: Die gereformeerde teoloë verwerp skynbaar eenparig die leer van die ewige regverdiging. As dit dan ook die geval moes wees dat regverdiging van ewigheid af bestaan, dan sou die geloof bestaan in 'n bewuswording dat ons van ewigheid af geregverdig is. Weliswaar

---

124. Calvyn, J. Institusie, III, 3.

125. Art. 22; vgl. ook art. 23 waar die doel van regverdigmaking gestel word: Die verheerliking van God. Vgl. ook Graafland, C. op. cit., p. 60.

126. Kuyper, A. Het werk van den Heiligen Geest, p. 462: "En zò dikwijls een kind van God dan ook zoekt in te dringen met zijn ziel in die heerlijke, verrukkelijke werklijkheid van zijn rechtvaardigmaking, voelt hij zich niet opgehouden bij het ogenblik van zijn bekering of bij enig ander moment, dat in zijn verleden ligt, maar voelt hij, hoe zaligheid hem toevloeit uit de eeuwige diepte van het verborgen leven van zijn God". Vgl. verder Berkouwer, G.C. Geloof en rechtvaardiging, hoofstuk VI, vir 'n breedvoerige bespreking van hierdie stryd.

Skrif wys verder daarop dat Christus gesterf het ter wille van die sondes van die mensheid en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking. [127] In dieselfde

word in Rom. 8:30 gesê dat roeping en regverdigmaking in verband staan met die uitverkiesing. Maar die Skrif wys verder daarop dat Christus gesterf het ter wille van die sondes van die mensheid en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking. [127] In dieselfde verband spreek Paulus ook van die regverdigmaking deur die geloof in Christus. [128] "Dit geloof komt dus in de rechtvaardiging voor als een ontvangend orgaan, als de hand, die een gave aanneemt, als het vertrouwen der ziel op Christus en zijne gerechtigheid alleen." [129]

Midde in ons tydelike lewe het God sy Seun versoenend aan ons geopenbaar. Dít kom wel op "uit de eeuwige diepte van het verborgen leven" van God. [130] Maar die bediening van versoening tot herstel van ons lewens kom na ons midde in die gewone, tydelike werklikheid. "Hier naar Zijn rechtvaardigend vrijsprekend woord te luisteren in het geloof, sluit de Bewerker van dit heil niet op binnen de grenzen onzer tijdelikheid. Maar hier wordt zijn woord gehoord. En het geloof is uit dít gehoor". [131] En die regverdigmaking is weer deur dié geloof [132], of, soos Calvyn dit stel: die geloof is 'n werktuig om die regverdigheid te verkry. [133]

Die regverdiging neem in die ewigheid 'n aanvang. In die roeping van die gelowiges en die opstanding van Christus word dit gerealiseer. Dit kry sy voltooiing eers in die laaste oordeel wanneer God sy vryspraak ten aanhore van die ganse wêreld herhaal en alle tonge sal moet bely dat Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader. [134]

---

127. Rom. 4:25.

128. Rom. 5:1.

129. Bavinck, H. Handl. bij het onderwijs in den Christelijken godsdienst, p. 179.

130. Kuyper, A. op. cit., p. 462.

131. Berkouwer, G.C. op. cit., p. 165.

132. Rom. 5:1.

133. Inst. III, 2, 7.

134. Bavinck, H. Geref. Dogm. IV, p. 185.

Hoewel die voltooiing van die regverdiging eers in die oordeelsdag geskied, is die gelowiges tog nou reeds as kinders aangeneem en word hulle deur die Gees, as waarborg en pand, verseël tot die dag van verlossing [135] en bewaar vir die hemelse erfenis [136]; deur die Gees dus nou reeds gelei en van kindskap verseker (sodat die mens geloofsekerheid kan en moet besit) [137] tot vreugde en vrede [138] en deelagtigheid aan die ewige lewe. [139] Al hierdie vrugte kan deur die regverdiging meegebring word omdat dit deur die getuienis van die Heilige Gees die gelowige bewustheid en sekerheid skenk dat ook aan hom persoonlik vergewing van sondes geskenk is. As die vrede met en kindskap van God, die vrymoedige toegang tot die genadetroon, die vryheid van die wet, die onafhanklikheid van die wêreld aan ons in die regverdiging geskenk is, dan vloei uit daardie geloof die goeie werke as vanself voort. Die geloof, wat sekerheid insluit (dat by God alle dinge moontlik is), stel altyd tot groot dinge in staat. [140]

3) <u>Geloof, regverdiging en goeie werke</u>

Die geloof, wat alleen op God se genade steun, maar dáárom juis tot groot dinge in staat stel, bring die doen van goeie werke mee. Hier is egter geen sprake van menslike verdienste of roem nie. Alles is genade. Die regverdigmaking en die vrugte daarvan is genade.

Vir die doel van hierdie studie is die volgende hierby belangrik: Wie die regverdiging uit die geloof bestry en van die werke afhanklik stel, kan die geloofsekerheid nie aanneem nie. [141] Dit is daarom dat

---

135. Vgl. 2 Kor. 1:22; 5:5; Ef. 1:13, 14; 4:30.

136. Vgl. 1 Pet. 1:4, 5.

137. Vgl. Rom. 8:14-16; Gal. 4:6.

138. Vgl. Rom. 14:17; 15:13; 1 Thess. 1:6; Rom. 5:1; Fil. 4:7, 9; 1 Thess. 5:23.

139. Vgl. Joh. 3:16.

140. Bavinck, H. Geref. Dogm. IV, p. 245.

141. Id. p. 243.

Rome ontken dat geloofsekerheid moontlik is - behalwe in geval van 'n spesiale openbaring. [142] Inderdaad is dit waar dat as ons vir ons saligheid op ons goeie werke "sou moes steun ... ons altyd in twyfel (sou) verkeer". [143]

As 'n mens daarenteen deur die geloof seker is van sy saligheid in Christus kan hy al sy aandag wy aan die doen van goeie werke ter verheerliking van God. [144] En verder is dit ook só dat so 'n toegewyde lewe 'n goeie gewete voor God tot gevolg het - in soverre dit 'n getuienis is dat God in so 'n lewe woon. 'n Gekwelde gewete val die geloofsekerheid met twyfel, vrese en onsekerheid aan.

4) <u>Geloof as "instrument"</u>

In die verlede is met 'n sekere voorliefde gepraat van geloof as instrument om met dié term uitdrukking te gee aan wat essensieel is in die korrelasie tussen geloof en regverdiging. Op die vraag of dit wat 'n plek het in die geheimnisvolle werk van die Heilige Gees (wat immers Self deur die Woord die geloof in die mens se hart werk) omskryf mag word met 'n betreklik tegnies of meganies klinkende term "instrument", antwoord Berkouwer oortuigend positief [145]

a) aangesien die term ook in die Nederlandse Geloofsbelydenis voorkom [146];

b) aangesien, volgens Calvyn, die geloof slegs 'n "werktuig" is om die regverdigheid te verkry en

c) hoewel "instrument" nie die rykdom van geloof enigsins volledig omskryf nie, is dit ook nie nodig nie, aangesien dit slegs gebruik word om die verband tussen geloof en regverdiging aan te dui.

---

142. Geformuleer deur die Konsilie van Trente.

143. Nedl. Geloofsbelydenis: art. 24.

144. Bavinck, H. Handl. bij het onderwijs ..., pp. 180-181.

145. Berkouwer, G.C. op. cit., p. 183.

146. Art. 22.

Dus: nie weens geloof nie [147] maar deur die geloof word die geregtigheid verkry. [148] Alle menslike verdienste en dus ook alle menslike roem is uitgesluit.[149] Nie dát iemand glo nie, maar wát hy glo is van belang, anders sou Christus alle betekenis in die regverdiging verloor. Dan sou geloofsekerheid ook nie meer moontlik wees nie.

Vanuit hierdie standpunt stel ons ons lynreg teenoor Jaspers, wat die eis dat Christus alleen die inhoud van ons geloof moet wees verwerp as waarheidsfanatisme. Sy sogenaamd wysgerige geloof [150], wat weliswaar nie die Bybel of die Christelike godsdiens verwerp nie maar dit sinkretiseer deur daarnaas ook leerstellings van Boeddha, Confucius e.a. tot inhoud van sy geloof te maak, moet afgewys word. Dit is niks anders nie as 'n relativering van die Christelike godsdiens wat twyfel in baie gemoedere skep en sodoende die geloofsekerheid aantas. [151]

## 10.0 Geloof en heiligmaking

### 10.1 Inleidend

Vir die doel van hierdie studie is dit nou nodig om nader in te gaan op heiligmaking *én* regverdigmaking. Inleidend moet vooraf gesê word: Terwyl die beeld van God nie slegs bestaan in kennis en geregtigheid nie maar ook in heiligheid moet die herskepping van die mens ook 'n vernuwing wees volgens die eise van die heilige Wet van God. Terwyl die regverdiging, soos reeds gesien, 'n objektiewe bevryding van sonde<u>skuld</u> is, is heiligmaking 'n subjektiewe verlossing van die sonde<u>smet</u>. [152] Die regverdigmaking bring geen sedelike verandering in die toestand van die mens teweeg nie,

---

147. Feenstra, J.G. Leer en lewe, p. 203: "Die geloof is nie <u>verdienend</u> nie maar <u>aannemend</u>."

148. Vgl. Rom. 3:20, 28; 4:4 e.v.; Gal. 2:16; 3:11 e.v.

149. Vgl. Rom. 3:24; 4:4 e.v.; Tit. 3:5.

150. Vgl. Heyns, J.A. Die Evangelie in krisis, pp. 95-105.

151. Vgl. hfst. III, 2.5(1); d.i. p. 100.

152. Bavinck, H. Handl. by het onderwijs .., p. 182.

dog dit gee hom 'n ander staat voor God. Regverdigmaking handel dus oor die verhouding waarin ons teenoor die Here geplaas is deur sy regterlike daad. Die heiligmaking handel egter oor die mens self, sy innerlike verandering of vernuwing om gelykvormig te word aan die beeld van Christus. [153]

10.2 Heiligmaking: gawe en werk van God

Aangesien dit op die weg van heiligmaking is dat ons in hierdie studie die student ontmoet, te midde van faktore wat sy geloofslewe strem en ander wat dit ondersteun, word enigsins meer ruimte gewy aan die onderwerp: heiligmaking.

Net soos die regverdigmaking is die heiligmaking gawe en werk van God, wat toegeskryf word aan die Vader [154], die Seun, die lewendmakende Gees [155] en veral die Heilige Gees. [156] In die heiligmaking is die gelowige passief, want hulle word geheilig [157], "het met Christus gesterf en is met Hom opgewek" [158]; hulle is geheiligdes in Christus Jesus [159] en is daarom God se maaksel. [160]

Waarin bestaan die heiliging? Allereers daarin dat die gelowiges afgesonder word van die wêreld en in 'n besondere verhouding tot God geplaas word. In die Ou Testament het die heiligheid van die volk daarin bestaan dat God hulle afgesonder het uit die ander volke en aan hulle sy wette gegee het "wat prinsiepe van die heiliging vorm". [161] In die Nuwe Testament reël die Wet nie meer die heiligheidsverhouding nie. Christus het die Wet vervul. Hy het in die plek van die Wet

---

153. De Villiers, J.L. Wees heilig, p. 27.

154. Vgl. Joh. 17:17; 1 Thess. 5:23; Hebr. 13:20, 21.

155. Vgl. 1 Kor. 15:45; Ef. 5:26; Tit. 2:14.

156. Vgl. Tit. 3:5; 1 Pet. 1:2.

157. Vgl. Joh. 17:19; 1 Kor. 6:11.

158. Rom. 6:4 e.v.

159. 1 Kor. 1:2.

160. Ef. 2:10.

161. De Villiers, J.L. op. cit., p. 28.

gekom en deur Hom reël God die verhouding tussen Hom en sy volk. [162] Deur Christus, wat in ons leef en werk deur sy Gees, word God se Wet ook in die liggaam van Christus gehandhaaf, nie in wettiese sin nie, maar deur die unio mystica.

Die heiliging hou twee dinge in:

a) Enersyds word hulle van die wêreld afgesonder, want hulle is nou 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk. [163]

b) Andersyds word hulle ook innerlik vernuwe deurdat die Heilige Gees hulle wederbaar, reinig en na die beeld van Christus vernuwe. [164]

## 10.3 Die eenheid in Christus

Hoewel die regverdigmaking en heiligmaking, as synde afsonderlike heilsweldade van Christus, van mekaar onderskei moet word, mag hulle nie van mekaar geskei word nie [165], omdat, soos Calvyn dit gestel het, Christus nie gedeel kan word nie. [166] Hy wat ons Regverdigmaker is, is ook ons Heiligmaker. Deur dieselfde geloof waarmee ons die geregtigheid toeëien, skenk Hy ook die heiligmaking, 'n volkome heiligheid. [167] Dit reken Hy nie alleen aan ons toe nie, maar Hy deel dit ook innerlik aan ons mee deur die wederbarende en vernuwende werking van die Heilige Gees. [168] In Christus is dit alles een verlossingswerk.

## 10.4 Verhouding: regverdigmaking - heiligmaking

As besef word dat die verlossingswerk van God 'n eenheid vorm en dat die werk wat deur Hom begin is ook deur Hom voleindig word, dan sal die regverdigmaking

---

162. Vgl. 1 Kor. 1:2; 6:11.

163. 1 Pet. 2:9.

164. Feenstra, J.G. op. cit., p. 209.

165. De Villiers, op. cit., p. 29. Vgl. Feenstra op. cit., p. 210.

166. Loc. cit. (Calvyn aangehaal deur De Villiers).

167. Duvenage, S.C.W. op. cit., p. 125.

168. De Villiers, op. cit., p. 29.

en heiligmaking ook in regte perspektief gesien word. [169] Wie die korrekte relasie van die twee uit verband ruk, loop groot gevaar om (in hoofsaak) op een van die volgende twee dwaalweë te beland, naamlik van die nomisme en die antinomianisme. [170]

1) Eensydige beklemtoning van heiligmaking

Wie dít doen, loop gevaar om by 'n menslike heiligheidstrewe sonder die verdienste van Christus uit te kom. Dit is die denkrigting dat die regverdigmaking as God se genadedaad gesien word, terwyl die heiligmaking dan die menslike prestasie word om homself te verbeter. [171] Hierdie standpunt van die nomisme lê eensydig klem op die sedelike lewe ten opsigte waarvan hulle dan veral die vernuwing beklemtoon. Prakties het die tweede tafel van die Dekaloog vir hulle meer betekenis as die eerste. Bavinck maak die opmerking dat alle sektes (wat in die Protestantse Kerke opgekom het) min of meer van die gedagte uitgegaan het dat die regverdigmaking uit die geloof, indien nie onjuis nie, tog nog gebrekkig was en met die heiligmaking aangevul moes word. [172] Dit bring ons by die sogenaamde "second blessing". Die gevaar is hier volgens De Villiers, dat die heiligmaking van die geloof geskei word en dat 'n wettiese of aktivistiese trek bygesleep word en wel in dié sin dat die mens deur eie inspanning groter heiligheid moet verwerf. [173] Die verdienstelikheid van die goeie werke, soos Rome leer, is dan eintlik ook al aanvaar. [174]

Die regverdiging in Christus word op die agtergrond gedwing en die heiliging word "'n soort selfheiliging of ewolusie-proses van 'n inwonende hebbelik-

---

169. De Villiers, op. cit., p. 29.

170. Duvenage, S.C.W. op. cit., p. 186.

171. De Villiers, op. cit., p. 31.

172. Bavinck, H. Geref. Dogm. IV, aangehaal deur De Villiers, op. cit., p. 40.

173. De Villiers, op. cit., p. 40.

174. Feenstra, op. cit., p. 209.

heid in die mens". [175] Die oog word gaandeweg van Christus, die fondament van ons geloofsekerheid, weggeneem en gerig op die eie innerlike wat so onvas is!

Hierby moet ook 'n fout van die Metodisme genoem word, naamlik dat die nuwe lewe naas die gewone lewe geplaas en 'n houding van afsydigheid dan ook teenoor laasgenoemde lewe ingeneem word. Dit het twee gevaarlike gevolge:

a) Allereers word die lewe as gevolg van genoemde houding weer onderwerp aan 'n "wetskodeks" [176] van dinge wat mag en wat nie mag gedoen word nie. Dit gaan hier oor onthouding van dinge wat wesenlik nie sondig is nie, maar daarvan word afstand gedoen met die gedagte dat heiliging in so 'n optrede sou lê. Dis 'n krampagtige onthouding van die lewe om heiliging te bekom.

b) In baie noue aansluiting by voorgenoemde word die neiging by genoemde mense gevind om hulle terug te trek binne die grense van die kerklik-godsdienstige lewensakker [177] en die orige akkers aan die ongelowiges af te gee.

Vir die doel van hierdie verhandeling is dit belangrik om in die verbygaan hier op te merk dat die gevaar van so 'n optrede veral groot word wanneer die gees en inhoud van hoër opvoedkundige (en besonderlik onderwysers-) opleiding deur die ongeloof of sogenaamde neutraliteitsbeginsel bepaal word. Dat die gevaar van so 'n beginsel in Suid-Afrika 'n werklikheid geword het, klink op uit die klag van Strauss: "Werklik, oor die hele linie roep ons volkslewe luid om Christelike hervorming." [178] Op die gevaar van sg. neutraliteit vir die geloofslewe van die student, word later in besonderhede ingegaan. [179]

---

175. De Villiers, op. cit., p. 41.

176. Loc. cit.

177. Strauss, H.J. Christelike wetenskap en Christelike onderwys, p. 13.

178. Id. p. 15.

179. Vgl. hfst. III, 3,1; d.i. p. 111.

2) <u>Eensydige beklemtoning van regverdigmaking</u>

Die dialektiese teologie van Karl Barth en sy geesgenote, wat die heiligmaking in die regverdigmaking laat opgaan, ondermyn in sekere sin die menslike verantwoordelikheid by heiligmaking, asook die moontlikheid van 'n positiewe verandering in die mens self in die heiliging.[180] Duvenage haal Adolf Köberle aan wat sê: "Die teologie van Karl Barth en Fr. Gogarten skyn my nog altyd ... op ontoereikende wyse teen die antinomianistiese misverstand van die geloof beskut te wees. Want hier word nou weer so onversigtig teen die ernstige beoefening van die heiligmaking gepolemiseer dat dit vir 'n dialektiese teologie reeds suiwer teologies bedenklik en prakties werklik gevaarlik kan wees."[181]

Prakties word die gevaar dat die mens in lydelikheid kan verval juis groot as die regverdigmaking so eensydig beklemtoon word dat dit neerkom op die leer dat daar nie iets wesenliks in homself verander nie en dat die heiligheid altyd objektief buite hom bestaan, 'n heiligheid in Christus - wat hy deur die geloof moet aanvaar. Die groot leemte van so 'n leer is dat dit nie reg laat geskied aan die vernuwende werking van die Heilige Gees wat in die mens en in die wêreld werk nie. Goeie werke word dan maklik as Rooms of as deur-God-vergeefde-sondige-dade bestempel; sodoende is daar eintlik vir hierdie leer, konsekwent beredeneerd, geen verskil tussen goed en kwaad nie. Volgens hierdie siening is 'n Christelike koerant, party, wetenskap, onderwyskollege ens. dus net so verkeerd as 'n nie-Christelike koerant, party, wetenskap, onderwyskollege ens.[182]

3) <u>Die juiste verhouding tussen regverdigmaking en heiligmaking</u>

Nadat die twee hoofdwalings geskets is sowel as die tragiese implikasies daarvan - moet weer gestel

---

180. Vgl. De Villiers, op. cit., pp. 31, 42-46.

181. Duvenage, S.C.W. op. cit., p. 206.

182. Vgl. Feenstra, op. cit., p. 210.

word: Wie begryp dat die verlossingswerk van Christus 'n eenheid is, kry perspektief op die relasie tussen genoemde twee heilsweldade. [183] Die Skrif bring aan ons 'n Christus wat nie maar net die skuld van die sonde wegneem of maar net die heiligheid aan ons toereken nie. Hy breek ook deur die heiligmaking die mag van die sonde en vernuwe die mens. [184] Hy rus nie voordat regverdiging, heiliging en ook verheerliking volkome voltrek is nie.

### 10.5 Die menslike verantwoordelikheid

Ons moet hier onderskei tussen geheilig wees in Christus en heiligmaking deur Christus [185], want alhoewel die gelowiges in Christus geheilig is voor God "is dit noodsaaklik dat ons sal voortgaan in heiligmaking, omdat Christus, nadat Hy ons met sy bloed gekoop en vrygemaak het, ons ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe ..." [186] Hieruit is dit duidelik dat die herstel van die beeld van God in ons reeds op aarde 'n aanvang neem. Die wat in Christus geheilig is, word opgeroep om hulleself te heilig of die Here Jesus te heilig, d.w.s. sy gesag te erken en Hom te vereer. [187]

### 10.6 Heiligmaking omvat die hele mens, dog bring nie perfeksionisme mee nie

Die oue mens sterwe; 'n heel nuwe mens staan op, wat egter nie 'n sondelose mens is nie, want selfs die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, maar 'n "klein beginsel" van die gehoorsaamheid. Vandaar dat gelowiges ook dikwels twyfel in plaas van volle geloofsekerdheid te hê. Nietemin is dit 'n mens met 'n ernstige voorneme om nie alleen volgens sommige nie maar volgens alle gebooie van God te lewe. [188]

---

183. De Villiers, op. cit., p. 29.

184. Id., p. 45.

185. Feenstra, op. cit., p. 210.

186. Heidelbergse Kategismus: vraag 86.

187. Vgl. Ef. 1:4; 5:27; Rom. 6:19, 22; 1 Thess. 4:3; 1 Pet. 1:15; Openb. 22:11; egter is dit nie ontvlugting van die lewe nie; vgl. Kol. 2:20-23; 1 Tim. 4:5; Rom. 14:2.

188. Heidelbergse Kategismus: vraag 114.

'n Heel nuwe mens staan op, d.w.s. die mens word dwarsdeur vernuwe. Feenstra wys daarop dat 'n heilige gewenning oor die hele front van ons lewe moet kom. [189] Dit kom neer op "die diens van God met ons hele hart."[190]

## 10.7 Heiligmaking en geloof

Die geloof beteken oorgawe aan Christus; dat 'n mens in elke opsig sy lewe in Christus soek. Daarom is die geloof nie net nodig by die begin van die geloofslewe, by die regverdiging, nie, maar "dit moet die Christen sy hele lewe lank vergesel en die metode wees waarvolgens hy lewe". [191] Dit is die geloof wat die heiligmaking 'n werklikheid vir die gelowige maak. Dit is veral duidelik wanneer gelet word op die rol wat geloof in die voortgaande lewe van die gelowige speel: Die geloof bring uit sy aard (dit is lewend) vrugte van die goeie werke voort; dit is werksaam in die liefde.[192] Natuurlik word die mens nie deur die liefde geregverdig nie, maar die geloof wat hom regverdig, betoon sy lewende werksame krag in die liefde. [193] Sonder die liefde is die geloof nie saligmakende geloof nie [194] en met die ware geloof is die arbeid van die liefde altyd verbonde [195], want die vervulling van die gebod is liefde uit 'n rein hart, 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof. [196] Hierdie liefde, wat vervulling van die Wet is, is die vrug van die geloof. [197] Die Evangelie maak dus nie die Wet oorbodig nie, maar bevestig en herstel dit juis. Dit bly vir die gelowige gesag en geldigheid behou as reël van die dankbaarheid.[198]

---

189. Op. cit., p. 210.

190. Strauss, op. cit., p. 18.

191. De Villiers, op. cit., p. 70.

192. Vgl. Gal. 5:6.

193. Bavinck, H. Handleiding bij het onderwijs ..., p. 186.

194. Berkouwer, op. cit., p. 187.

195. Vgl. 1 Thess. 1:3.

196. 1 Tim. 1:5.

197. Vgl. Matt. 22:37-40; Rom. 13:8-10; Gal. 5:14; Jak. 2:8.

198. De Villiers, op. cit., p. 71.

Daarom sal die Wet van die Here deel moet vorm van die inhoud van Godsdiensonderrig. Die geloof (wat werksaam is in die liefde) verplig ons meer as wat enige bedreiging van die wet sou kon doen om God met liggaam en gees te verheerlik.

Die geloof is die grondtoon van die Christelike lewe. Wurth praat selfs daarvan dat die geloof 'n ander vorm van wedergeboorte, in ruimer sin, werk. Daarmee bedoel hy nie die eerste lewensbegin nie maar die verdere deurwerking van die nuwe lewe, die algehele omvorming van 'n mens se hele bestaan en al die verhoudinge waarin 'n mens staan. "Dit is wel die Heilige Gees wat dit tot stand bring maar só dat die gelowige deur middel van die geloof dit bereik. In die geloof werk iets van 'n geestelike dinamiek. Die hele lewe word vanuit die geloof geïnspireer. Daarom kan ook gesê word: Sonder geloof geen nuwe lewe nie." [199] Dit is onmoontlik dat hierdie heilige geloof werkloos in 'n mens sal wees. [200] Waar daar geloofsgemeenskap met Christus is, sal daar ook geloofsgehoorsaamheid wees. Die menslike verantwoordelikheid word nie opgehef nie; Paulus sien die geloof juis ook as gehoorsaamheid. [201]

Samevattend. "Die geloof is as't ware die brandpunt waarin al die goddelike genadestrale van verkiesing en liefde, Evangelie en wet, roeping tot die Koninkryk en sakramente saamtrek en vanwaar dit weer in twee rigtings uitbreek, naamlik regverdiging en heiliging". [202]

## 10.8 Heiligmaking 'n proses

Die lewe van heiligmaking is soos alle lewe van skepsele aan die wet van ontwikkeling onderworpe. [203] Dit neem 'n aanvang in die wedergeboorte, dit het voedsel nodig om gesterk te word en op te groei en bereik

---

199. De Villiers, op. cit., p. 11; vgl. ook Rom. 14:23.

200. Nederlandse Geloofsbelydenis: art. 24.

201. Rom. 1:8; 16:19 - aldus De Villiers, op. cit., p. 113.

202. Duvenage, S.C.W., op. cit., p. 147.

203. Bavinck, H. Handleiding bij het onderwijs ..., p. 150.

sy hoogtepunt eers as dit ten volle met Christus geopenbaar sal word. Soos by die natuurlike word die mens ook in die geestelike klein en swak gebore en moet hy voortdurend opgroei in die genade en kennis van Christus. [204)]

Hierdie ontwikkeling is, volgens Bavinck, egter nie rustig nie maar is 'n stryd teen

a) vyande van buite [205)] en

b) vyande in eie boesem. [206)]

In hierdie geloofstryd wankel die sekerheid van eie saligheid soms hewig. Die erns van die stryd is sodanig dat niemand duskant die graf die finale oorwinning behaal nie. Twyfel, klein geloof, onsekerheid en vrees is dikwels die daaglikse spyse.

Vordering in die heiligmaking beteken natuurlik 'n verryking en verstewiging van die geloof. Ons geloofsvertroue vloei in 'n al hoe "dieper bedding" hoe meer ons met God "wandel". [207)]

11.0 <u>Geloof en volharding</u>

Teenoor die dikwels ontmoedigende ervarings van twyfel en vrees in die lewenslange geloofstryd, staan die sekerheid van 'n toekomstige volmaaktheid vir dié wat volhard tot die einde. Dié sekerheid van volharding hang saam met die uitverkiesingsgedagte. [208)] Wie vantevore verordineer is, word uiteindelik verheerlik. Niks kan hulle uit sy hand ruk nie. Dié wat wel afval, het nooit die saligmakende geloof besit nie. [209)]

---

204. Bavinck, H. Handleiding bij het onderwijs ..., p. 152.

205. Vgl. Ef. 6:12; 1 Joh. 2:15-17.

206. Vgl. Rom. 7:14 e.v.; Gal. 5:17-22; Ef. 4:22-24; Kol. 3:9, 10; vgl. verderaan hfst. III; p. 89.

207. De Villiers, op. cit., p. 124; vgl. hierdie verhandeling hfst. II, A, 4.0 en 5.0; d.i. pp.

208. Van der Walt, S.J. e.a., op. cit., p. 165; vgl. ook Hand. 13:48.

209. Loc. cit.

Die grond vir die bewaring van die gelowiges en die volharding van die heiliges lê dus in die Drieënige God. Die sekerheid kom voort uit die geloof en wel geloof aan die beloftes van God wat vas en seker is. Die Heilige Gees verseker ons van die ewige lewe en maak ons bereid om vir Hom te lewe. Namate ons geloof werksaam is en vrug dra, na dié mate word ons deur die beoefening van 'n goeie gewete verseker van die volharding van die heiliges. Die geloof dat daar 'n volharding van die heiliges is, is die wortel van ware godsvrug en 'n kragtige beweegrede tot 'n dankbare lewe. [210)]

Hoewel soms beweer word dat sekerheid die gelowiges vleeslik-sorgeloos kan maak, is die geloof in God se bewaring - die sekere geloof daarvan - juis 'n wortel van nederigheid, kinderlike vrese van die Here, ware godsaligheid, lydsaamheid in alle stryd, vurige gebede, standvastigheid in die kruis en in die belydenis van die waarheid en van vaste blydskap in God; so getuig die groot teoloog, Herman Bavinck. [211)] Daarby is oordenking van die genadige bewaring van God 'n prikkel tot ernstige en gedurige beoefening van dankbaarheid en goeie werke. (Hieruit volg noodwendig by implikasie die noodsaaklikheid van geloofsekerheid). Goeie werke dien weer tot versterking van die geloof omdat dit 'n goeie gewete voor God werk.

---------

Na die gereformeerde dogmatiese standpuntinname en oorsig van die teologiese terrein wat met geloof en geloofsekerheid verband hou, sal in die volgende hoofstuk op besondere aspekte van geloofsekerheid nader ingegaan word.

---

210. Feenstra, op. cit., p. 215.

211. Vgl. Bavinck, H. Handleiding bij het onderwijs ..., p. 192.